NHLRP National Home Language Reading Programme

# Onderwysersgids

GRAAD 2

# AFRIKAANS

HUISTAAL



basic education
Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA


NATIONAL EDUCATION COLLABORATION TRUST

ETDP SETA

2030 NDP

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

SACE



# Onderwysersgids

GRAAD 2

## AFRIKAANS

NHLRP | National Home Language Reading Programme

# Inhoud

**INLEIDING** 1

**OORSIG VAN DIE NHLRP** 2

**BEGRIP VAN DIE TAALSTRUKTURE VAN SUID-AFRIKAANSE TALE EN DIE IMPAK OP GELETTERHEIDSONDERRIG** 5

**VERSTAAN HOE KINDERS LEER LEES EN SKRYF** 14

**WEEKLIKSE ROETINES** 18

- Maksimum Tyd (8 ure per week) 18
- Graad 1 Minimum Tyd (7 ure per week) 19

**HULPBRONNE** 20

- Onderrigplan 20
- Klankkaarte 21
- Drukskrif: handskrifkaart 22
- Handskrifkaart: Lopende Skrif 23
- Storiebundel: Gedeelde Leesverhale 24
- Flitskaarte 25
- Kernleesboek 26
- Assesseringsboekie 27

**KLASKAMERBESTUURSTRATEGIEË** 29

- Uitroep van Leerders 29
- Aandagstrategieë (Om Leerders se Aandag Te Verkry) 31
- Die bepaling van 'n Gedragskode 36
- Bestuur van Groepbesprekings 38
- Oorgangsaktiwiteite 40

**DANKIE!** 45

# Inleiding

Welkom by die 'National Home Language Reading Programme' (NHLRP).

Die NHLRP is 'n gestruktureerde leerprogram (GLP) vir Huistaal. Dit beteken die program is sorgvuldig ontwikkel vir die onderwyser om daagliks te volg vir die onderrig van Huistaal.

Die program is die resultaat van navorsing, ontwikkeling en die deel van beste praktyke deur 'n ervare groep persone van die DBO en Provinsiale Departemente, Befondsers, Publieke Vennote en NGO's.

Ons hoop u vind die onderwysershandleiding maklik om te gebruik en dat u dit sal geniet om die NHLRP te gebruik.



# Oorsig van die NHLRP

**Die "National Home Language Reading Programme" is 'n gestruktureerde geletterdheidsprogram vir Graad 1-3 Huistaal.**

**Die NHLRP ondersteun onderwysers hoofsaaklik deur die volgende te bied:**

1. Die kennis wat benodig word om lees, skryf en begripslees effektief te onderrig
2. 'n Raamwerk om die huistaal te onderrig
3. Hulpbronne om die onderrigplan te ondersteun
4. Riglyne om ander hulpbronne te integreer

## 1. Watter kennis is nodig om lees, skryf en begripslees effektief te onderrig?

a. **Kennis van die linguistiese strukture, wat begrip van die volgende insluit:**
   - Die linguistiese strukture van Afrikatale en Engels
   - Die impak van hierdie strukture op geletterdheid
   - Die belang van kennis oor die verskil tussen die linguistiese strukture van Afrikatale en Engels

b. **'n Op-datum en bewysgebaseerde begrip van hoe kinders leer om te lees, skryf en begryp, wat kennis en begrip van die volgende insluit:**
   - Wat onderrig moet word
   - Wat geoefen moet word
   - Wat deurlopend ontwikkel moet word
   - Wanneer die verskillende geletterdheidselemente/-vaardighede bekend gestel moet word
   - Hoe om geletterdheidskennis en -vaardighede te onderrig, te oefen en te ontwikkel

c. **Kennis oor die strategieë om leerders effektief in die klaskamer te bestuur, wat begrip van die volgende insluit:**
   - Die belang van 'n veilige leeromgewing vir geletterdheidsontwikkeling
   - Hoe om 'n veilige leeromgewing te skep en te onderhou
   - Hoe om jong kinders op die beste te bestuur

## 2. Waaruit bestaan die NHLRP-raamwerk?

a. **'n Gestandaardiseerde twee-weeklikse roetine**
   - Belyn met die beleid
   - Logies en goed-ontwerp
   - Dek alle taalkomponente

b. **'n Stel aktiwiteite of lesse vir elke taalkomponent**
   - Belyn met die beleid
   - Belyn met bewyse van die beste praktyk
   - Lesse en aktiwiteite oor luister en praat
   - Lesse en aktiwiteite oor klanke
   - Groepbegeleide lesse en aktiwiteite oor lees

- Lesse oor gedeelde lees en aktiwiteite
- Handskriflesse en -aktiwiteite
- Lesse en aktiwiteite oor skryf en taalstrukture

c. **Kwartaal-vir-kwartaal assesseringstake en rubrieke**
- Belyn met die beleid
- In lesse geïntegreer

d. **Kwartaal-vir-kwartaal hardoplees-vlotheidstoetse**
- 'n Reeks toetse wat belyn is met Funda Uphumelele National Survey (FUNS)
- Formatiewe toetse om leesvlotheid te moniteer en remedieer
- Met formele assesseringspogramme geïntegreer waar van toepassing

## 3. Watter hulpbronne word voorsien om die NHLRP Onderrigplan te ondersteun?

Die NHLRP sluit die volgende ondersteuningsbronne in:

a. Onderrigplanne
b. Klankkaarte
c. Plakkate vir handskrif
d. Kernleesgids
e. Storiebundels
f. Flitskaarte
g. Assesseringsboek

## 4. Riglyne om ander hulpbronne te integreer

Die NHLRP-program vereis die volgende aanvullende hulpbronne:

a. **Stories vir hardoplees**
- Onderwysers in Graad 1-3 moet vir minstens 15-20 minute per dag hardop lees vir die leerders.
- Addisionele Storiebundels, Grootboeke, Storieboeke moet aangewend word en vir hierdie doel gebruik word.

b. **Klankkaarte**
- Die NHLRP verskaf 'n kaart vir elke foneem/grafeem wat in 'n graad onderrig of hersien word.
- Die Onderrigplan vereis dat onderwysers hierdie kaarte gebruik om die foneem/grafeem aan leerders bekend te stel, om foneme/grafeme te hersien, en om die samevoegings van foneme/grafeme te demonstreer.
- Indien onderwysers toegang het tot bykomende klankkaarte, moet hulle dit gebruik vir:
  - Klaskameruitstallings van foneme en woorde
  - Kleingroep-remediëring/konsolidasie-aktiwiteite

c. **Gegradeerde of vlakgebaseerde leesboeke**
- Die NHLRP bied 'n Kernleesboek aan leerders. Hierdie leesboek het 'n duidelike fokus op vaardigheidsontwikkeling.
- Dit bied nie geleenthede vir uitgebreide lees of lees vir plesier nie.
- Onderwysers moet die program aanvul met bykomende leesmateriaal vir leerders.
- Gegradeerde of vlakgebaseerde leesboeke moet tydens groepbegeleide leeslesse gebruik word, sodra leerders die kernleseraktiwiteite voltooi het.

- Ideaal gesproke moet leesboeke ook saam met leerders huis toe gestuur word vir bykomende leesoefening.

d. **Gedeelte Leestekste**
- Die NHLRP verskaf een Storiebundel per kwartaal vir Gedeelde Lees.
- Die fokus van hierdie lesse is om leerders se mondelinge taal- en begripsvaardighede te ontwikkel.
- Soos wat distrikte of onderwysers van tyd tot tyd Grootboeke met vergrote tekste wil gebruik, kan hulle Gedeelde Leestyd vir hierdie doel gebruik.
- Dit word egter nie aanbeveel dat dit vir alle lesse gedoen word nie – die ontwikkeling van mondelinge begrip is baie belangrik.

e. **Plakkate**
- Plakkate is nuttige hulpmiddels vir woordeskatontwikkeling en besprekings.
- Die NHLRP Kernleesboek se temaprente kan vir hierdie doeleindes gebruik word.
- Onderwysers kan kies om dit aan te vul met bykomende plakkate indien beskikbaar.

# Begrip van die Taalstrukture van Suid-Afrikaanse Tale en die Impak op Geletterheidsonderrig

*Deur P.S. Groome Januarie 2026*


Vir baie jare was die benadering tot die onderrig van geletterdheid in alle Suid-Afrikaanse tale gebaseer op die model wat vir die Germaanse tale, Engels en Afrikaans, gebruik is. Dit is veral duidelik in die insluiting van konsepte wat spesifiek geld vir Engels in Afrikataal-beleidsdokumente, byvoorbeeld die spesifisering van die onderrig van klanke wat uit twee vokale bestaan en sigwoorde.

Dit was baie nadelig vir leerders van die Afrikatale en het die lees- en begripsvermoë se resultate negatief beïnvloed. Om geletterheidsvaardighede effektief aan leerders van Afrikatale te onderrig, moet ons sommige van die taalkundige strukture verstaan en hoe dit die onderrig van geletterheid beïnvloed.

Ons moet ook onthou dat baie leerders wat 'n Afrikataal as huistaal beoefen, Engelse of Afrikaanse geletterdheidsvaardighede sal aanleer en andersom. Daarom moet ons bewus wees van die ooreenkomste en verskille tussen die taalstrukture van hierdie tale, ten einde geletterheidsvaardighede op die mees effektiewe wyse aan leerders in verskeie tale te onderrig.

*Let Wel:* Die verduidelikings wat volg is 'n eenvoudige inleiding tot 'n beter begrip van die taalkundige strukture van Suid-Afrikaanse tale. Hierdie verduidelikings is daarop gemik om die strukture, wat 'n invloed op die vroeë geletterheidsontwikkeling het, te ontleed.

## Alfabetiese tale



1. Alle Suid-Afrikaanse tale is alfabeties en gebruik die Latynse alfabet om spraakklanke voor te stel.
2. Die meeste tale gebruik al 26 letters van die alfabet. Daar is egter uitsonderings soos hier onder aangedui:
   - Setswana & Sepedi gebruik nie: c, q, v, x, z
   - Sesotho gebruik nie: c, v, x, z
   - Tshivenda gebruik nie: c, j, q
   - Siswati gebruik nie: x, q

### Watter invloed het dit op die aanleer van geletterdheid?

1. Dit is belangrik om leerders bewus te maak van die letters in die alfabet van hulle taal.
2. Wanneer twee tale onderrig word, moet die leerders bewus gemaak word van die verskille in die alfabet van die twee tale.

## Foneme en grafeme



1. Alle Suid-Afrikaanse tale beskik oor foneme en grafeme.
2. Foneme is die kleinste herkenbare klankelemente van 'n taal.
3. Grafeme is die geskrewe voorstelling van die spraakklanke.
   - Grafeme kan in Suid-Afrikaanse tale op drie verskillende maniere gevorm word:
   - 'n Enkel letter: t, s, h, m
   - 'n Letter of letters met 'n diakritiese teken: ê, š, ë, ń
   - 'n Kombinasie van letters: sh, dl, tsh, tlh, ai, eeu

### Watter invloed het dit op die aanleer van geletterdheid?

1. Dit is belangrik om leerders uitdruklik en sistematies die volledige stel foneme en grafeme van hulle taal aan te leer. Dit is immers die boustene van basiese geletterdheid.
2. Dit is ook nuttig vir leerders om te weet dat daar net 'n sekere aantal foneme en grafeme is om aan te leer en hoeveel dit is.
3. Maak die leerders bewus van die uitspraak van die foneme in elke taal wanneer twee tale aangeleer word, byvoorbeeld:

   Die verskil in die uitspraak van a of u

| isiZulu | Engels | Afrikaans | isiZulu | Engels | Afrikaans |
|---|---|---|---|---|---|
| apula | ant | appel | ubisi | umbrella | uniek |

Let wel: In isiZulu word die ***a*** dieselfde uitgespreek as die Engelse ***u.*** Ook verskil die uitspraak van die ***a*** en ***u*** in Engels en Afrikaans van mekaar. Dink net hoe verwarrend dit vir jong kinders moet wees.

- In alle tale word die volgende dieselfde uitgespreek: s, t
- Engels en Afrikatale met klikklanke verskil in die uitspreek van: c, q, x


| isiXhosa | Engels | isiXhosa | Engels | isiXhosa | Engels |
|---|---|---|---|---|---|
| isaci | cat | qala | queen | xa | box |

- In Tshivenda en Engels klink dzh en j dieselfde

| Tshivenda | Engels |
|---|---|
| dzhena | jump |

*Let wel: Dit is belangrik vir leerders om te verstaan dat foneme en grafeme die boustene van onderskeidelik gesproke en geskrewe woorde is. Daarom moet leerders so vroeg as moontlik eenvoudige woorde begin lees en skryf. Foneme en grafeme moet nooit in isolasie vir leerders aangeleer word nie.*

## Konsonantsamevoegings




1. Alle Suid-Afrikaanse tale beskik oor konsonantsamevoegings.
2. In Afrikatale word baie konsonantsamevoegings gewoonlik gevorm deur:
   - Die byvoeging van 'n ***n voor*** die foneem n+_
   - Die byvoeging van 'n ***w*** na die foneem _+w
   - Die byvoeging van 'n ***n*** voor die foneem en 'n ***w*** na die foneem n+_+w

### Watter invloed het dit op die aanleer van geletterdheid?

1. Maak eers seker dat die leerders individuele konsonantfoneme ken. Leer hulle dan die vaardigheid om konsonante saam te voeg en so 'n konsonantsamevoeging te vorm. Die samevoeging kan soms selfs uit 3 letters bestaan.
2. Maak leerders bewus van algemeen gebruikte samevoegings (Afrikatale: n+_/_+w/n+_+w Afrikaans: s+_/b+_/d+_). Sodra hulle hiervan bewus is, sal samevoeging makliker bemeester word.
3. Stel die leerders eers bekend aan samevoegings wat uit 2 letters bestaan, byvoorbeeld b+r
4. U kan sistematies meer komplekse en langer samevoegings bekendstel, byvoorbeeld: s+t+r in Afrikaans en n+tlh+w in Afrikatale.

*Let wel:*
*In Afrikatale is n+g>ng en n+y>ny foneme en nie samevoegings nie.*
*Dieselfde beginsels geld vir Engels en Afrikaans, maar met verskillende patrone. Voorbeeld: daar word 'n **r** of 'n **l** na 'n konsonant aangetref: br, sl.*

## Klanke wat uit twee vokale bestaan en vokaalreekse



1. Klanke wat uit twee vokale bestaan, word hoofsaaklik in Engels en Afrikaans gebruik.
2. So 'n klank bestaan uit twee vokale wat saamgevoeg is om 'n enkele klank te vorm. Voorbeeld:
   - oe in moet
   - ee in deel
   - eu in deur
   - aa in maan

   Ons hoor nie die klank van elke individuele vokaal nie.
3. In Afrikatale is die meeste vokale wat langs mekaar verskyn, vokaalreekse – elke vokaal word afsonderlik uitgespreek.
4. Doen die volgende om dit te toets:
   a. Skryf die woord op die bord: bosiu
   b. Sê die woord hardop: bosiu
   c. Klap die woord in lettergrepe: bo-si-u
   d. Trek die lettergrepe in die woord: bo/si/u
5. Neem kennis van die resultaat: Die twee vokale vorm nie saam een vokaalklank nie. Hulle maak duidelik elkeen hul eie klank en is deel van twee verskillende lettergrepe.
   - In die Sotho-tale en Xitsonga, gebeur dit soms dat 'n vokaal verdubbel word en dit een nuwe klank vorm. Voorbeeld:
   - Sesotho: ***oo*** in boona
   - Xitsonga: **ee** in ahee

### Watter invloed het dit op die aanleer van geletterdheid?

1. Onderrig die leerders uitdruklik die volgende:
   - Vokale/Klinkers het spesiale klanke.
   - Woorde kan in lettergrepe verdeel word – die deel van die woord wat ons hoor as ons die woord uitklap.
   - In elke lettergreep is daar 'n vokaal/klinker.
2. Stel die volgende konsepte aan die leerders bekend soos hulle voorkom:
   - 'n Klinker kan saam met 'n ander klank ('n foneem) 'n lettergreep vorm, byvoorbeeld **ba, me, wa,**

- 'n Klinker kan 'n lettergreep saam met twee ander klanke (foneme) vorm, byvoorbeeld **ra-tel**.

3. In Afrikatale kan 'n klinker ook 'n lettergreep op sy eie wees, byvoorbeeld **a-ma, bo-e-la**
4. Moenie leerders van Afrikatale verwar deur vokaalreekse as diftonge te onderrig nie. Leerders moet verstaan dat vokale langs mekaar kan staan, maar dit verander nie hulle individuele klanke nie.

*Let wel:*
*Ons moet onthou dat die /m/ sillabies/lettergrepig in die Nguni-tale is. Die* ***/m/*** *kan derhalwe 'n lettergreep op sy eie wees, byvoorbeeld:* ***/u/m/fa/na/****.*
*Dieselfde geld vir* ***/m/, /n/*** *en* ***/l/*** *in Sotho.*

## Ondeursigtige Ortografie/Spelling



1. In 'n onduidelike of ondeursigte ortografie is die verhouding tussen die foneme en grafeme nie altyd duidelik of maklik om te sien nie.
2. Engels het 44 foneme wat deur meer as 250 grafeme verteenwoordig word. Dit beteken Engels het 'n ondeursigtige ortografie of spelwyse.
3. Voorbeeld: die **/f/**-klank kan as volg geskryf word:
   - **f soos in 'fish'**
   - **ff soos in 'cliff'**
   - **ph soos in 'photo'**
   - **gh soos in 'laugh'**

### Watter invloed het dit op die aanleer van geletterdheid?

1. Hierdie soort spelwyse maak die onderrig van klanke en dekodering baie meer kompleks.
2. Dit beteken ook dat dit baie langer sal neem om die klanke van die spesifieke taal vir die leerders aan te leer.
3. Onderrig die foneme/grafeme in die volgorde van hul gebruiksfrekwensie. Dit help die leerders om foneties te lees en te skryf terwyl hulle voortgaan om meer komplekse grafeme te leer.
4. Moenie leerders penaliseer as hulle 'n woord foneties skryf terwyl hulle nog nie die korrekte grafeem geleer het nie. As 'n kind in Engels 'foto' in plaas van 'photo' skryf, moet hulle geprys word.
5. As 'n nuwe foneem bekendgestel word, herinner die leerders aan ander grafeme wat hulle geleer het. U kan byvoorbeeld sê:
   - Ons het in Engels die /f/ klank geleer as *f.*
   - Wanneer ons die klank /f/ aan die einde van 'n woord hoor, skryf ons dit meestal as 'n *ff* soos: 'cliff' of 'sniff'.

## Deursigtige ortografie

1. Tale met 'n deursigtige ortografie het 'n noue een-tot-een verhouding tussen foneme en grafeme.
2. Dit beteken dat elke klank meestal net op een manier geskryf word.
3. Alle Afrikatale het sterk deursigtige spelwyses met 'n paar uitsonderings.

### Wat beteken dit vir die onderrig van geletterdheid?

1. Die onderrig van klanke en dekodering is baie eenvoudiger en behoort teen 'n vinniger tempo in die Afrikatale aangeleer te word as ons die deursigtigheid van die spelwyse in ag neem.
2. Sê vir die leerders hoeveel foneme/grafeme hulle in hul taal moet aanleer.
3. Verduidelik aan die leerders dat hulle enige woord in hul taal sal kan lees, sodra hulle hierdie klanke kan lees en die klanke kan saamvoeg.
4. Maak leerders bewus daarvan dat dit 'n spesifieke aantal is. Help die leerders om hulle vordering in die aanleer van die foneem-grafeem-verhoudings te monitor en na te spoor.

   *Let wel:*
   *Dit is van uiterste belang dat leerders die lees en skryf van foneme en grafeme vroegtydig baasraak. Die MLV-toetsing is 'n baie handige hulpmiddel om dit te monitor. As leerders sukkel om woorde te dekodeer, neem die proses hulle werkgeheue in beslag, en dan het hulle nie die werkgeheue om die betekenis van wat hulle lees te bepaal nie.*



## Woordstrukture

1. In hierdie geval:
    - K verteenwoordig konsonant
    - V verteenwoordig vokaal
2. Afrikatale gebruik 'n VKV- of KVKV-woordstruktuur.
3. Engels en Afrikaans gebruik 'n KVK-woordstruktuur.


### Wat beteken dit vir die onderrig van geletterdheid?

1. Wanneer leerders begin om te lees, is dit die woordstrukture wat hulle sal teëkom.
2. Dit kan nuttig vir leerders wees dat daar 'n voorspelbare patroon in woorde is.
3. Maak leerders van Afrikatale bewus daarvan dat die meeste woorde uit /KV/- of /VKV/-patrone bestaan. Voorbeeld:

| | | | |
|---|---|---|---|
| R | o | n | a |
| K | V | K | V |

| | | |
|---|---|---|
| N | n | a |
| K | K | V |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| U | m | a | m | a |
| V | K | V | K | V |



4. 'n Woord kan met 'n enkele vokaal as 'n lettergreep begin, maar daarna volg die KV patroon. Voorbeeld:

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| A | b | a | z | a | l | i |
| V | K | V | K | V | K | V |

5. Vir leerders wat Engels of Afrikaans leer, sal die eerste woorde wat hulle leer die patroon van KVK volg, soos:

| | | |
|---|---|---|
| C | a | t |
| K | V | K |

| | | |
|---|---|---|
| p | a | n |
| K | V | K |

6. Om die KVKV- of KVK-woorde vir vroeë dekodering te leer is 'n nuttige strategie, want dit leer die leerders dat woorde patrone het.
    - In Afrikatale is die basies patroon KVKV.
7. In Engels en Afrikaans is die basiese patroon KVK. Dit leer ook vir die leerders dat 'n woord 'n beginklank, middelklank en eindklank het.
8. Dit is belangrik om leerders van twee tale bewus te maak van die verskille in woordstrukture om verwarring te voorkom.

## Morfeme




1. Alle Suid-Afrikaanse tale beskik oor morfeme.
2. 'n Morfeem is die kleinste betekenisdraende deeltjie in 'n taal.
3. 'n Gebonde morfeem moet aan 'n ander morfeem geheg word om betekenis te hê: Voorbeeld: on-
4. 'n Vry morfeem kan op sy eie staan en het betekenis. Voorbeeld: kat.
5. Afrikatale het selfstandige naamwoordklasstelsels.
   - Elke selfstandige naamwoord kry 'n voorvoegsel wat die klas van die selfstandige naamwoord aandui, asook of dit enkelvoud of meervoud is.
     - Hierdie voorvoegsels is morfeme wat elkeen betekenis dra. Voorbeeld: Umuntu – umu, of um, dui die naamklas as klas 1 (mense) in die enkelvoud aan.
     - Abantu – aba, of ba, dui die naamklas 2 (mense) in die meervoud aan.
6. In Engels of Afrikaans word die meervoud van 'n selfstandige naamwoord meestal deur 'n agtervoegsel aangedui, byvoorbeeld:
   - dog, dogs
   - hond, honde

### Wat beteken dit vir die onderrig van geletterdheid?

1. Leer die leerders om morfeme vroeg te herken, selfs op 'n eenvoudige manier deur premorfeme/voorvoegsels, basismorfeme en postmorfeme/agtervoegsels.
2. Sodra die leerders bewus is van hierdie verskillende dele van 'n woord, kan hulle geleer word om:
   - na bekende morfeme in lang of moeilike woorde te soek
   - die betekenis van 'n woord te verander deur 'n morfeem te verander, óf om 'n morfeem by te voeg
   - die betekenis van 'n onbekende woord te ontdek deur die woord in morfeme te verdeel, en
   - nuwe woorde te vorm deur morfeme by die basisvorm of stam van die woord te voeg
3. Maak die tweetalige leerders bewus van die verskillende maniere waarop morfeme gebruik word om dieselfde ding aan te dui. Voorbeeld: by die aanleer van meervoude word verduidelik dat:
   - meervoude in Afrikatale deur premorfeme aangedui word, terwyl
   - meervoude in Engels en Afrikaans deur postmorfeme aangedui word.

## Konjunktiewe/disjunktiewe ortografie

1. Konjunktief en disjunktief verwys na die skryfstelsel van 'n taal – hoe 'n taal geskryf word.
2. 'n Konjunktiewe ortografie is 'n skryfstelsel wat dele in een lang woord aan mekaar verbind. Voorbeeld:
    - Die onderwerpsooreenstemming: ngi-
    - Die teenwoordige tydsmorfeem: -ya-
    - Die werkwoord se stam: -bhal-
    - Die finale werkwoord kategoriese morfeem: -a
      Ngiyabhala.



3. 'n Disjunktiewe ortografie is 'n skryfstelsel wat geneig is om sommige morfeme as aparte woorde te skryf. Voorbeeld:
    - Die onderwerpskonkord: ke-
    - Die teenwoordige tydsmorfeem: -a-
    - Die stam van die werkwoord: -ngol-
    - Die finale kategoriese morfeem van die werkwoord: -a
      Ke a ngola.
4. Die Sotho-tale, Tshivenda, Xitsonga, Engels en Afrikaans het 'n meer disjunktiewe skryfstelsel.
5. Die Nguni-tale het 'n meer konjunktiewe skryfstelsel.

### Wat beteken dit vir die onderrig van geletterdheid?

6. Dit is belangrik om die ortografie van u taal te ken en om dit korrek te onderrig.
7. In die Nguni-tale kan dit tot gevolg hê dat jong leerders gou baie lang woorde moet lees.
8. Onderrig leerders addisionle strategieë om hiermee te help, byvoorbeeld:
    - Verdeel woorde in lettergrepe. Voeg daarna die lettergrepe saam om die woord te lees.
    - Identifiseer en lees bekende morfeme eerste en lees daarna die res van die woord

.


# Verstaan Hoe Kinders Leer Lees en Skryf

NUTTIGE TERMINOLOGIE

- ***foneme***: *die kleinste klankeenhede van 'n taal*
- ***grafeme***: *die geskrewe simbole wat gebruik word om die klankeenhede (foneme) van 'n taal voor te stel*
- ***enkodeer***: *die mondelinge vorm van 'n taal omskep in geskrewe vorm*
- ***dekodeer***: *die geskrewe vorm van 'n taal omskep in mondelinge vorm*
- ***fonetiek/klankleer***: *die proses om foneem/grafeem-verwantskappe aan te leer*
- ***morfeem***: *die kleinste deel van 'n woord wat betekenis het*
- ***morfologie***: *verstaan hoe die dele van woorde, genoem morfeme, betekenis skep*

Ons hoofdoel as grondslagfaseonderwysers is om te verseker dat ons leerders met vlotheid en begrip kan lees en skryf teen die tyd wat hulle Graad 3 verlaat.

Om dit te bereik, moet ons ons leerders deur die boustene van geletterdheid lei.



## Bousteen 1: Leerders moet 'n begrip van klanke en foneme ontwikkel

a. 'n Begrip van klanke en foneme is vaardighede wat voor leesontwikkeling plaasvind.
b. Leerders kan dit met geslote oë doen – hulle hoef niks te lees nie.
c. Leerders moet geleer word hoe om:
   - Verskillende omgewingsklanke te identifiseer.
   - Ritmes en rympies te hoor en herhaal.
   - Die verskillende woorde in 'n sin te hoor.
   - Die verskillende klanke in 'n woord te hoor.
   - 'n Klank uit 'n woord te verwyder en te sê wat oorbly.
   - 'n Klank in 'n woord te verander om 'n nuwe woord te skep.

## Bousteen 2: Leerders moet klank-letter-verhoudings en handskrif aanleer


Leerders moet die volgende geleer word:

- Die verhouding tussen die klanke (foneme) en geskrewe voorstelling van klanke (grafeme) in hulle taal.
- Om al die klanke van hulle taal vlot en outomaties te kan lees en skryf.
- Om die letters wat die klanke voorstel korrek te vorm (handskrif).

## Bousteen 3: Leerders moet leer hoe om woorde te dekodeer en te enkodeer.

a. Leerders moet die volgende geleer word:
   - Hoe om geskrewe woorde te lees (dekodeer).
   - Hoe om geskrewe woorde te skryf (enkodeer).

b. Om dit te kan doen, moet hulle leer hoe om onbekende woorde in klanke te verdeel. (verdeling)
c. Hulle moet dan weet hoe om die klanke saam te voeg om woorde te lees. (samevoeging)
d. Om suksesvolle enkodeerders en dekodeerders te word, het leerders baie geleenthede nodig om hul fonetiese kennis te oefen deur lees- en skryfaktiwiteite.



## Bousteen 4: Leerders moet oefen om woorde in hulle geheue te stoor

a. Ons moet aan leerders genoeg lees- en skryfoefening gee sodat hulle woorde vlot en outomaties kan lees en skryf.
   - Leerders sal 'n woord in hul brein kan vaslê sodra hulle:
     - Die woord kan hoor en herken (die klank daarvan).
     - Die woord kan lees.
     - Die betekenis van die woord verstaan.
     - Die woord al baie keer in konteks teëgekom het.
   - Dit sal die leerders toelaat om woorde vinnig te herroep sodat hulle dit kan lees en skryf.
   - Hierdie is 'n belangrike verbinding tussen dekodering en vlotheid (ortografiese inprenting).

## Bousteen 5: Leerders moet leesvlotheid ontwikkel

a. Ons moet die leerders help om akkuraat te lees.
   - Dit beteken dat hulle met min of geen foute moet kan lees.

b. Ons moet die leerders help om teen 'n goeie tempo te lees.
   - Ideaal, moet leerders teen 'n praattempo lees.
   - Indien lees te stadig is, sal begrip nie moontlik wees nie.


c. Ons moet die leerders help om met die korrekte toon en uitdrukkings te lees (intonasie en spraakritme).
   - Om met die gepaste uitdrukking te lees toon aan dat die teks verstaan word.
   - Die toon van 'n woord of frase kan die betekenis beïnvloed en daarom moet dit korrek gelees word.

## Bousteen 6: Leerders moet ook skryfvlotheid ontwikkel

a. Ons moet die leerders help om akkuraat te skryf.
   - Dit beteken dat hulle die 'norme' van die geskrewe taal moet ken: hoe om woorde te vorm, hoe om dit te spel, waar om spasies te laat en hoe om leestekens en diakritiese tekens te gebruik.

b. Ons moet die leerders help om teen 'n goeie tempo te skryf.
   - Om dit te doen, het hulle baie oefening nodig om woorde vinnig te onthou.
   - Hulle moet ook oefen om skryfstamina te bou.

c. Meestal moet leerders selfvertroue ontwikkel om hulle eie gedagtes en idees op papier te sit en onafhanklik te skryf.



## Bousteen 7: Om met begrip en betekenis te lees en skryf, moet ons die leerders se kennis opbou.

a. Leerders moet 'n breër en dieper woordeskat ontwikkel om die woorde wat hulle lees te verstaan.

b. Hulle moet 'n breër en dieper algemene kennis ontwikkel om die teks te kan verbind met dit wat hulle reeds weet.

c. Hulle moet 'n begrip van die taalstrukture ontwikkel.
   - Om die taalstrukture van die taal te verstaan help leerders om sin daarvan te maak.

## Bousteen 8: Ons moet ons jong leerders help om 'n liefde vir taalleer te ontwikkel.

a. Ons moet die leerders help verstaan dat taalleer 'n lewenslange reis is.
b. Ons moet ons bes doen om te verseker dat taalleer 'n bevredigende en genotvolle ervaring is.
c. Ons moet 'n veilige en ondersteunende ruimte vir taalleer skep.

## Bousteen 9: Ondersteuning en Ontwikkeling

Soos die NHLRP geïmplementeer word, sal 'n reeks onderteunings- en ontwikkelingshulpbronne ontwikkel en gedeel word.

Hierdie sal die volgende insluit:

### Vakadviseur / Departementshoofde:


- Moniterings- en Ondersteuningsinstrument

### Onderwysers:

- 'Hoe om' riglyne
- 'Hoe om' video's
- Addisionele MLV toets C - leesstuk
- Addisionele MLV toetse D - begripsvrae

Daarbenewens nooi die NHLRP alle belangstellendes uit om by te dra tot 'n bewaarplek/biblioteek van ondersteuningsbronne.

Doen dit deur 'n e-pos te stuur na: materials@nect.org.za



# Weeklikse roetines

## Maksimum Tyd (8 ure per week)

- Die gestruktureerde leerprogramme volg elke week dieselfde roetine.
- Dit maak dit vir onderwysers en leerders maklik om te volg.
- Leerders kan, sodra hulle die roetine ken, vir die volgende aktiwiteit voorberei.
- Hierdie roetine is gebasseer op die **maksimum tyd vir Huistaal**, volgens KABV: 8 ure per week.

| Maandag<br>1 uur 30 minute | | Dinsdag<br>1 uur 30 minute | | Woensdag<br>1 uur 50 minute | | Donderdag<br>1 uur 35 minute | | Vrydag<br>1 uur 35 minute | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Luister en praat | 15 | Luister en praat | 15 | Luister en praat | 15 | | | Luister en praat | 15 |
| Klanke | 15 | Klanke | 15 | Klanke | 15 | Klanke en morfologie | 15 | Klanke en morfologie | 15 |
| Handskrif | 15 | Handskrif | 15 | Handskrif | 15 | Handskrif | 15 | | |
| Gedeelde lees | 15 | Gedeelde lees | 15 | Gedeelde lees | 15 | Gedeelde lees | 15 | Gedeelde lees | 15 |
| | | | | Skryf | 20 | Skryf | 20 | Skryf | 20 |
| Groepbegeleide Lees / Gepaarde- & Onafhanklike Lees | 30 | Groepbegeleide Lees / Gepaarde- & Onafhanklike Lees | 30 | Groepbegeleide Lees/ Gepaarde- & Onafhanklike Lees | 30 | Groepbegeleide Lees / Gepaarde- & Onafhanklike Lees | 30 | Groepbegeleide Lees / Gepaarde- & Onafhanklike Lees | 30 |

## Graad 2 Minimum Tyd (7 ure per week)

- Hierdie roetine is gebaseer op die minimum tyd vir huistaal volgens die KABV.

| MAANDAG<br>1 uur 15 minute | | DINSDAG<br>1 uur 15 minute | | WOENSDAG<br>1 uur 45 minute | | DONDERDAG<br>1 uur 15 minute | | VRYDAG<br>1 uur 30 minute | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Luister & Praat | 15 | Luister & Praat | 15 | | | Luister & Praat | 15 |
| Klanke | 15 | Klanke | 15 | Klanke | 15 | Klanke | 15 | Klanke | 15 |
| Skrif | 15 | Skrif | 15 | Skrif | 15 | Skrif | 15 | | |
| Gedeelde Lees | 15 | | | Gedeelde Lees | 15 | | | Gedeelde Lees | 15 |
| | | | | Skryf | 15 | Skryf | 15 | Skryf | 15 |
| Groepsbegeleide Lees / Lees in pare & Selfstandige Lees | 30 | Groepsbegeleide Lees / Lees in pare & Selfstandige Lees | 30 | Groepsbegeleide Lees / Lees in pare & Selfstandige Lees | 30 | Groepsbegeleide Lees / Lees in pare & Selfstandige Lees | 30 | Groepsbegeleide Lees / Lees in pare & Selfstandige Lees | 30 |

**Aanpassings**

| | |
|---|---|
| **Luister & Praat** | Week 1 van die tema, Dinsdag: Kombineer die lesse van Maandag en Dinsdag – stel die tema bekend, behandel die taalverryking en onderrig die woordeskat. |
| **Gedeelde Lees** | Maandag: Kombineer die lesse van Maandag en Dinsdag – stel die teks van die storiebundel bekend en doen die aktiwiteite voor die lees.<br>Woensdag: Doen 'n deeglike Eerste Lees van die teks aangesien die leerders die tweede lees van die teks wat op Donderdae in die maksimum tydsroetine plaasvind, sal misloop. |
| **Skryf** | Woensdae – Vrydae: Volg die roetine vir die skryflesse teen 'n effens vinniger tempo aangesien die duur van die skryflesse met 5 minute verminder word. |

# Hulpbronne

Die NHLRP sluit die volgende hulpbonne in:


1. Onderrigplan
2. Klankkaarte
3. Handskrifmuurkaarte
4. Storiebundel: Gedeelde Leesverhale
5. Flitskaarte
6. Kernleesboek
7. Assesseringsboek

## Onderrigplan

- 'n Onderrigplan word vir elke kwartaal voorsien.
- Dit bevat roetine-lesplanne vir alle lesse in Kwartaal 1.
- Dit sal 'n goeie idee wees om die roetine en voorsiende lesplanne te volg wanneer u die program vir die eerste keer gebruik.

Sodra u bekend is met die program se roetine en pedagogieë, is u egter welkom om die program aan te pas volgens u eie onderrigstyl en -behoeftes.



KWARTAAL 1 | WEEK 1 | MAANDAG

Handskrif: Assesseer lettervorming informeel

TYD: 15 minute

Hulpbronne: Assesserings-boek

1. **Berei die leerders voor vir handskrif.**
   a. Sê: Kom ons warm ons vingers op deur 'n stuk papier op te frommel en dit dan weer glad te maak.
   b. Kontroleer en pas die leerders se postuur en potloodgreep aan.
2. **Gee aan die leerders opdrag om die letters van die alfabet in kleinletters neer te skryf.**
   a. Loop rond in die klaskamer soos die leerders skryf en neem kennis van elke leerder se lettervorming, skryfspoed, grootte van die letters ens.
   b. Neem kennis van die leerders wat sukkel om letters te vorm, sowel as die rede waarom hulle sukkel.
   c. Neem ook kennis van die leerders wat nie die alfabet ken nie.

Gedeelde lees: Stel die storie bekend

TYD: 15 minute

Hulpbronne: Storiebundel, Inleiding bladsy 1

1. **Stel die storie bekend.**
   a. Sê: Hierdie Week gaan ons die storie lees met die titel, *Marie spaar.*
   b. Sê: In hierdie verhaal ontmoet ons 'n meisie genaamd Marie, wat die doelwit stel om genoeg geld te spaar om 'n fiets te koop. Ons lees alles oor die verskillende dinge wat Marie en haar maat, Busi, doen om genoeg geld te probeer insamel, sodat Marie 'n fiets kan koop.
   c. Vra: Weet jy enigiets hiervan?
   d. Wys die leerders vlugtig die prente uit die storie.
2. **Bou die leerders se agtergrondkennis.**
   a. Deel en verduidelik die agtergrondinligting wat vir die storie verskaf is.
   b. Wys aan die leerders waar die storie plaasvind deur van die Storiebundel se kaart gebruik te maak.
   c. Vra: Het julle enige vrae aangaande die storie?
3. **Verduidelik die begripstrategie.**
   a. Sê, hierdie Week gaan ons leer hoe **om te visualiseer.**
   b. Verduidelik die strategie aan die leerders.

4

## Klankkaarte

- 'n Klankkaart vir elke klank wat onderrig of hersien word, word ingesluit.
- Hierdie kaarte word nie ingesluit vir konsonantsamevoegings nie, want alle konsonantsamevoegings is 'n kombinasie van klanke.
    - Leerders moet verstaan dat hulle die individuele klanke op verskillende maniere saam kan groepeer sodra hulle dit geleer het.
    - Hulle kan 'n konsonant en 'n vokaal saamvoeg, byvoorbeeld m-a = ma
    - Hulle kan twee konsonante saamvoeg, byvoorbeeld: s-w = sw

**Voorbeelde van klankkaarte:**












## Drukskrif: handskrifkaart

Drukskrif word aangeleer vanaf Graad 1 Kwartaal 1 tot en met Graad 2 Kwartaal 2.

- Dit word aanbeveel dat die drukskrifprogram met die klankprogram verbind word.
- Dit help die leerders om hulle kennis van die foneem-grafeem (klank-letter) verbandskap te konsolideer.
- 'n Handskrifmuurkaart vir drukskrif is ingesluit in die hulpbronpakket om sodoende korrekte lettervorming te ondersteun.





Copyright © 2026. This work is openly licensed via CC BY-NC-ND 4.0 NHLRP

## Handskrifkaart: Lopende Skrif

Lopende handskrifskrif word vanaf Graad 2 Kwartaal 3, tot en met Graad 3 Kwartaal 4 onderrig.


- Vanaf middel Graad 2 moet leerders leer om 'n lopende skrif te skryf.
- Sodra leerders die lopende skrif bemeester het sal hulle met meer vlotheid/vloeiendheid kan skryf.
- 'n Handskrifkaart vir Lopende Skrif is ingesluit in die hulpbronpakket, om sodoende korrekte lettervorming te ondersteun.




Copyright © 2026. This work is openly licensed via CC BY-NC-ND 4.0 NHLRP National Home Language Reading Programme

## Storiebundel: Gedeelde Leesverhale

- Die Storiebundel bevat 8 stories per kwartaal, twee per tema.
- Elke storie begin met 'n gedeelte wat voor die lees gedoen moet word.
- Dit word gevolg deur 'n geïllustreerde storie.
- Elke storie eindig met 'n gedeelte wat na die lees behandel moet word.
- Die stories is ontwerp om die leerders se woordeskat en agtergrondkennis te verbreed.
- Dit is ook ontwerp om die leerders se begrip en kritiese denkvaardighede te ontwikkel.




**KWARTAAL 1:** VERHALE

1. Marie spaar 1
2. Thuli se nuwe hoenders 13
3. Adri en Erika se groot avontuur 27
4. Timeo help sy gesin 41
5. Lesego voel ongemaklik 55
6. Zama se slegte dag 67
7. Mandu se geheime dagboek 81
8. Wegkruipertjie 93

## Flitskaarte

- Flitskaarte word per kwartaal, vir die gebruik in verskillende lesse, voorsien.
- Hierdie flitskaarte is ontwerp om tydens die les as 'n onderrighulpmiddel gebruik te word.
- Flitskaarte kan dan in die klas, as deel van die klanke of tema-uitstalling, vertoon word
- Ontwikkel 'n stelsel om u flitskaarte effektief te bestuur.
- Gebruik 'n plastiese omhulsel of 'n koevert vir elke tema.
- Skryf die kwartaal en tema op die plastiese omhulsel of koevert
- Vervang ontbrekende flitskaarte deur u eie te maak.

skool

bang

eerste

## Kernleesboek

- Die Kernleesboek word volgens twee-weeklikse temas georganiseer. Elke tema begin met 'n temabladsy wat die volgende insluit:

  a. Die tema se titel.
  b. Die titels van die tema-verwante storiebundel-verhale.
  c. Taalverryking – 'n temagebaseerde idioom, slagspreuk, rympie, aanhaling, gedig of rympie, of 'n liedjie om die leerders te leer.
  d. Getematiseerde woordeskat wat saam aangebied word, met eenvoudige definisies.
  e. 'n Besprekingsvraag of twee, wat die gesin/familie betrek.

- Die Kernleesboek sluit ook 'n reeks aktiwiteite vir elke dag van die week in, oor 'n tydperk van agt weke vir elke kwartaal.

- Die aktiwiteite in die Kernleesboek is noukeurig geselekteer om sistematies die volgende te ontwikkel:


  a. Klankkennis
  b. Dekoderingsvaardighede
  c. Enkoderingsvaardighede
  d. Morfologiese bewustheid
  e. Vlotheid, en
  f. Leesbegrip


- Op Woensdae word tema-verwante prente op die volgende wyse in die Kernleesboek ingesluit:

  a. Op die eerste Woensdag van die tema word 'n prent ingesluit om leerders aan te moedig om dieper na te dink oor die tema. Die Onderrigplan sluit woordeskat in en besprekingsvrae wat aan die prent verwant is.
  b. Op die tweede Woensdag van die tema word 'n kreatiewe storievertel-prent ingesluit. Hierdie prent toon 'n 'oomblik in tyd' aan wat in elke leerder se eie verhaal ingesluit moet word. Die Onderrigplan sluit 'n opdrag in wat gebruik kan word om leerders aan die gang te kry.

- Die Kernleesboek word gebruik by lesse in Klanke & Morfologie. Onderwysers kan dit eksplisiet gebruik om vaardighede met die hele klas te onderrig en te ontwikkel.

- Bykomend hiertoe gebruik die leerders die Kernleesboek op 'n daaglikse basis gedurende Groepleessessies.





KWARTAAL 1 | WEEK 1 | MAANDAG

Tema: **Ons stel doelwitte**

**Taalverryking:**

Aanhaling

Die oorspronklike woorde wat iemand oor iets gesê het. Wanneer iemand iets besonders kragtig of betekenisvol sê, neem ons kennis van hul woorde, sodat ons dit kan herhaal.

"Kampioene hou aan speel totdat hulle dit regkry." Billy Jean King


Hierdie aanhaling beteken dat kampioene mense is wat aanhou probeer totdat hulle hul doel bereik het.

**Marie spaar** **Thuli se nuwe hoenders**

Woordeskat:

| | |
|---|---|
| **doelwit:** | Iets wat jy wil bereik of wil word, iets waarna jy strewe om te bereik. |
| **spaar:** | Om iets te bêre sodat jy dit later kan gebruik of om nie dadelik jou geld te spandeer nie. |
| **geld:** | Dit wat ons gebruik om vir dinge te betaal. |
| **verdien:** | Om geld of 'n beloning te kry deur te werk of 'n taak te verrig. |
| **hen:** | 'n Wyfiehoender wat eiers lê en gewoonlik stiller en kleiner as die haan is. |
| **haan:** | 'n Manlike hoender met helder vere wat dikwels soggens hard kraai. |
| **besigheid:** | 'n Plek waar mense goed verkoop of dienste aanbied soos in 'n winkel of salon. |

2





**Temaprent voorbeeld** **Kreatiewe storievertelling voorbeeldprent**

# Assesseringsboekie


Die Assesseringsboekie sluit die volgende per kwartaal in:


## KAB Formele Assesserings

- Assesseringsriglyne
- Assesseringsprogram
- Voorbeelde van Assesseringstake
- Voorbeelde van Nasienskemas en Memoranda

## Mondelinge Leesvlotheid

- Nasionale Maatstawwe
- Die administrasie van die toetse
- Berekening van Leesvlotheid
- Analiseer en Gebruik Uitslae
- Kwartaallikse MLV-toetse





GRAAD 2 | KWARTAAL 1 MLV-TOETSE

Kwartaal 1 MLV-toetse

NHLRP MLV

Taal: Afrikaans
Toets 2.1.A
Onderwyser se kopie
60 klanke / 60 sekondes

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| s | I | t | e | N | 5 |
| aa | oo | ee | Z | oe | 10 |
| o | i | L | a | n | 15 |
| X | q | c | x | ooi | 20 |
| W | z | ie | oe | ui | 25 |
| k | A | r | v | D | 30 |
| uu | ei | oo | ei | Ie | 35 |
| bl | aai | br | oei | eeu | 40 |
| ou | uu | eu | Z | eu | 45 |
| b | p | H | g | J | 50 |
| dr | dw | br | Q | bl | 55 |
| ou | aa | ee | ui | w | 60 |

9

# Klaskamerbestuurstrategieë

Dit is makliker om 'n leerprogram in 'n klaskamer te implementeer wat georganiseerd is en goed bestuur word. Hier is 'n paar klaskamerbestuurstrategieë wat u kan gebruik.

## 1. Uitroep van Leerders

**Wanneer?**

- Wanneer u 'n vraag vra of instruksies aan die leerders gee.

**Waarom?**

- Dit is belangrik dat alle leerders die geleentheid kry om individueel 'n spreekbeurt te kry.
- Die rig van vrae en verspreiding van take onder die leerders verseker dat elke leerder die geleentheid kry om deel te neem.

**Wat moet u doen:**

- Skryf elke leerder se naam op 'n stokkie.
- Daar moet 2 bottels wees. Nommer die twee bottels, 1 en 2. Plaas al die stokkies met die name op, in bottel nommer 1.
- Wanneer u wil hê 'n leerder moet 'n vraag antwoord of 'n taak uitvoer, trek u 'n naamstokkie uit bottel 1.
- Roep die leerder om die vraag te antwoord of die taak uit te voer en plaas dan die stokkie in bottel nommer 2. Dit wys dat al die name in bottel nommer 2 'n geleentheid gehad het om deel te neem.
- As al die name oorgeskuif is na bottel nommer 2 word die proses herhaal.
- Moet net nie vergeet van watter bottel jy besig is om name te trek nie, en watter bottel die name in het van leerders wat reeds deelgeneem het nie!

# Uitroep van leerders

## Name in 'n bottel




1. - Gebruik 'n bottel gevul met plat stokkies.
   - Nommer die bottel "1".

2. Skryf elke leerder se naam op een van die stokkies.

3. Trek 'n stokkie uit die bottel en roep die leerder om die vraag te antwoord.

5. Plaas dan die stokkie van **bottel nommer 1** oor na **bottel nommer 2** om te wys dat Pieter reeds 'n beurt gehad het. Gee al die leerders 'n beurt en skuif hulle naamstokkies oor vanaf bottel nommer 1 na bottel nommer 2, voordat u weer van voor af begin.

## 2. Aandagstrategieë (Om Leerders se Aandag Te Verkry)

**Wanneer?**

- Wanneer dit nodig is om die leerders se aandag te verkry of om die leerders tot bedaring te bring.

**Waarom?**

- Hierdie kort aktiwiteite sal u help om die leerders in die klas op 'n genotvolle en aktiewe manier te beheer.
- Dit leer ook die leerders om te luister en saam te werk.

**Wat moet u doen:**

- ***Let wel: Maak seker dat u die leerders leer hoe om te reageer wanneer hulle 'n aandagstrategie hoor, voordat u dit gebruik.***
- Gebruik een van die strategieë om die leerders se aandag op 'n speelse manier te verkry.
- Dit mag nodig wees om die strategie te herhaal.
- Wanneer u die leerders se aandag het, gee aan die leerders die volgende instruksie.

# Aandagstrategieë

## 123 alle oë op my


1

- Leer die leerders wat van hulle verwag word nadat u hul aandag verkry het.
- Leer hulle om stil te sit, hande in hul skote, monde toe en om na u te kyk.
- Herhaal elke strategie 'n paar keer sodat leerders dit aanleer en presies weet wat van hulle verwag word.



## Aandagstrategie

### Krokodil, krokodil




## Aandagstrategieë

### As jy my kan hoor ...



## Aandagstrategieë

### Klap en kliek



## 3. Die bepaling van 'n Gedragskode

**Wanneer?**

- Aan die begin van die jaar en aan die begin van elke kwartaal.

**Waarom?**

- Dit is belangrik om jong leerders spesifiek te leer hoe om op sekere tye op te tree.
- Byvoorbeeld, wanneer u'n nuwe konsep verduidelik, of 'n storie voorlees, verwag u van hulle om stil te sit, te konsentreer en op u te fokus.
- Wanneer u leerders spesifiek onderrig hoe om hulle in sekere situasies te gedra, kan u beslis van hulle verwag om hulle korrek te gedra.

**Wat moet u doen:**

- Gebruik 'n aandagstrategie en sê:
  - Ek wil hê julle moet op die mat kom sit, boude plat op die grond en met julle bene gekruis.
  - Ek wil jou hande in jou skoot sien.
  - Ek wil hê jy moet jou oë toemaak.
  - Ek wil sien hoe jy op jou asemhaling fokus.
- Gee die opdrag aan die leerders om tot ruste te kom en wag dan 30 – 45 sekondes.
- Wys dan die leerders uit wat die opdrag goed uitvoer, sê spesifiek wat hulle goed doen.
- Sê: "Ek sien Nomsa sit met haar boude plat op die vloer en haar bene is gekruis. Haar hande is in haar skoot en haar oë is styf toe. Mooi so Nomsa, fokus nou op jou asemhaling, asem in, en uit..."
- Herhaal 'n paar keer en fokus op die 'regte reaksie' van 'n paar leerders.

# Die bepaling van 'n gedragskode



## 4. Bestuur van Groepbesprekings

### Wanneer?

- In Huistaal, met groepbesprekings, tydens Gedeelde Lees verhale op Vrydae.

### Waarom?

- Dit is belangrik om jong leerders spesifiek te leer hoe om hulle te gedra tydens besprekings.
- Dit is ook belangrik om hulle toe te rus met verskillende strategieë om beurte te maak.

### Wat moet jy doen:

- Oefen u leerders om die volgende te doen:
    - Verdeel leerders eerstens in klein groepies.
    - Volgende, moet die leerders die besprekingsvraag of -raamwerk in gedagte hou.
    - Dan moet elke leerder 'n beurt kry om elke vraag te beantwoord.
- Dit kan 'n goeie idee wees om 'n 'praatklip' te gebruik om die bespreking te beheer.
- Gee vir elke groep 'n item soos 'n kleurvolle klip.
- Die persoon wat die klip vashou praat terwyl die ander lede van die groep luister.
- Sodra die eerste leerder klaar gepraat het gee hy die klip vir 'n ander lid van die groep om sy opinie te lug. Hou so aan tot die bespreking klaar is.

# Bestuur van groepbesprekings



## 5. Oorgangsaktiwiteite

### Wanneer?

- Tussen aktiwiteite of lesse, of wanneer leerders rusteloos raak en 'n breuk nodig het.

### Waarom?

- Dit is baie moeilik vir jong leerders om stil te sit en vir lang periodes aanmekaar gefokus te bly.
- Hierdie oorgangsaktiwiteite sal hulle verfris om weer te fokus sodat hulle leer kan geniet.

### Wat moet u doen:

- Gebruik van die oorgangsaktiwiteite om leerders te help om op 'n speelse manier te fokus.
- Wanneer u die leerders se aandag het, gee aan hulle die volgende instruksie.

# Oorgangsaktiwiteit

## Juffrou sê

1

- Leer die reël – as jy sê: 'Juffrou sê', dan moet die leerders die opdrag uitvoer.
- As jy nie sê 'Juffrou sê' nie, moet die leerders stilsit.
- As die leerders die aksie uitvoer wanneer jy nie gesê het 'Juffrou sê' nie, is hulle uit die speletjie uit en moet sit.



# Oorgangsaktiwiteit

## Danspartytjie!

1

- Leer die reël – as die leerders musiek hoor mag hulle rond dans.
- As die musiek ophou moet hulle vries en doodstil wees.
- Hulle mag nie raas wanneer hulle dans nie anders sal hulle nie hoor wanneer die musiek ophou nie.



# Oorgangsaktiwiteit

## Ek en my stoel

1

- Hierdie aktiwiteit help leerders om te fokus.
- Dit leer hulle ook die korrekte gebruik van voorsetsels.
- Begin deur leerders opdrag te gee om langs hul stoele te staan.
- Leer die leerders om jou opdragte in stilte uit te voer, sonder om aan iemand anders te raak.



# Oorgangsaktiwiteit

## Strek en krimp

1

- Leerders begin in 'n 'geslote' posisie. Hulle lê op die mat, styf opgekrimp soos 'n bal.
- Leer die leerders dat wanneer jy sê 'strek stadig' moet hulle hul hele liggaam stadig uitstrek en langer maak, totdat hulle nie meer kan nie.
- Leerders moet vir 'n paar sekondes die posisie behou.
- Wanneer jy sê 'krimp' moet hulle terug krimp in 'n balletjie.
- Leer die leerders om jou opdragte in stilte uit te voer, sonder om aan iemand anders te raak.



## Dankie!

Die Departement van Basiese Onderwys waardeer die pogings en kundigheid van ons grondslagfaseonderwysers. Ons hoop dat u hierdie program geniet en dat u dit u eie sal maak.

Saam kan ons die 2030-doelwit bereik om te verseker dat elke kind teen tienjarige ouderdom met begrip kan lees.

Ons bedank u vir u harde werk, toewyding en verbintenis tot die kinders van Suid-Afrika.





NHLRP | National Home Language Reading Programme